http://spilplus.journals.ac.za/

# 'N SOSIOLOGIESE KONSEPSIE VAN NORME

D.D. Joubert

## 1 Woorde en dinge

'n Sosiologiese konsepsie van norme[1] moet die betekenis wat "gewone mense" aan die woord heg, ten minste in essensie, respekteer. Min sosioloë sal, in navolging van H. Dumpty, nog koppig volhou dat 'n woord beteken wat vakkundiges sê dit beteken. Mnr. Dumpty was natuurlik 'n positivis --- sommige sou selfs sê 'n sofis en elitis --- wat die wêreld met sy eie definisies wou rekonstrueer. Die ideaal van 'n wetenskaplike taal --- "skemas van presiese waarnemings- en verklaringskonsepte" --- waardeur die werklikheid objektief geken sou word, is in die huidige sosiologie heelwat afgewater. Die pad tussen dinge en woorde word met veel meer realisme, beskeidenheid en menslikheid geloop; die apartheid tussen vakkonsepte en gewone mense se woorde is grootliks genormaliseer. Ook wat vaktaal betref, het die sosiologie die wysheid van W.I. Thomas herontdek: "When men define situations as real, they are real in their consequences" --- wat logies beteken dat die <u>wyse</u> waarop mense situasies definieer, daardie situasies werklikheid maak. Sosioloë se definisies van aspekte van die maatskaplike werklikheid moet "gewone mense" se definisies meer as net eerbiedig: gewone taal moet erken word as die substansie van menslike optrede en opvattings; nie slegs as die toevallige of konvensionele vormgewing daarvan nie. What's in a word? Eintlik alles.

Niemand het 'n sosioloog nodig om te weet dat norme fundamenteel is vir die handhawing van maatskaplike ordelikheid nie. Sosiologie se primêre vraag --- Hoe is maatskaplike ordelikheid hoegenaamd moontlik? (die verklaring van wanorde en afwyking is, ten minste logies, sekondêr) --- kan egter alleen beantwoord word in terme van 'n genuanseerde konsepsie van die aard en 'n teoretiese interpretasie van die werking van <u>normatiwiteit</u>. Dié woord is nodig --- al verskyn dit nie in die splinternuwe Tweetalige Woordeboek van Bosman, Van der Merwe en Hiemstra (1984) nie --- omdat, sosiologies gesien, norme maar een vorm van "voorskriftelikheid", maar een soort "reël" is.

http://spilplus.journals.ac.za/



"Norms are prescriptions serving as common guidelines for social action" sê 'n ewe nuwe **Dictionary of Sociology** (Abercrombie et al. 1984). "The concept is central to theories of social order. (See also: internalization, socialization, consensus, institution, role, value.)" Stel hiernaas die eersgenoemde woordeboek se vertaling van **norm** as "norm, standard, value"; die voorbeeld van **sedelike norme** ("moral standards"); die vertaling van **aan norme voldoen** as "coming up to standards"; die opname (onder normaal) van: **normatief**, **normaliseer**, **normaliteit** en **normeer**. En, ook nog 'n sin uit 'n lesersbrief in **Die Burger** (23.1.85): "Mense wat alles verwerp waarvoor die Westerse normatiewe opvattings staan en met niks anders as 'n eksklusief swart Suid-Afrika tevrede sal wees nie." Dan het u 'n aanduiding van wat 'n "genuanseerde konsepsie en teoretiese interpretasie van normatiwiteit" alles in ag moet neem.

Die situasie behoort duidelik te wees: "Gewone mense" se gewone gebruik van die woord **norm** bring reeds 'n hele paar nuanses, assosiasies en veronderstellings rondom die begrip na vore. 'n Sosiologiese konsepsie moet hierdie suggesties ernstig opneem, maar het die verdere taak om die hele verskynsel van normatiwiteit sistematies, binne groter samelewingskonteks en, onvermydelik, teoreties te interpreteer. Die pad hier is dié vanaf ding na woord na wetenskaplike konsep na teoretiese interpretasie en --- omdat die vertrekpunt eers werklik geken word by die terugkeer van die reis --- natuurlik weer terug na die "Ding". As dit alles maar gedoen kan word sonder die verloëning van "the common touch" van gewone mense se definisies én uitlewing én verwerping van wat hulle, onder andere, noem: "norme".

## 2 Wenslikheid en werklikheid

Alle nadenke oor norme begin by die eenvoudige onderskeiding tussen wat mense <u>doen</u> en wat hulle sê hulle glo <u>behoort</u> gedoen te word. Daaglikse oordele en beskuldigings dat iemand inkonsekwent, onbetroubaar, oneerlik, onvoorspelbaar, selfs (juis) psigopaties is, bewys dié onderskeiding as grondliggend. Dit bewys ook die herhaalde breuk tussen verwagtings en werklikheid. 'n "Gebroke werklikheid" noem teoloë 'n wêreld wat (ongelukkig en as gevolg van die inherente sondigheid van die mens) nie streng volgens God se norme werk nie. Vir sosioloë is die volgehoue spanning en herhaalde stremming tussen wenslikheid en werklikheid die mees basiese en menslike kenmerk van samelewings. En wenslikheid slaan op alle variasies van algemeen aanvaarde verwagtings waarvan geglo word dat hulle met reg, vir

http://spilplus.journals.ac.za/



geregtigheid en tot beswil van "die samelewing" nagekom en waargemaak behoort te word. Sosiale verwagtings (nie wense en begeertes wat slegs persoonlik en eienaardig is nie) is die eenvoudigste element of eenheid van normatiwiteit. Tipies egter, werk sosioloë nie met verwagtingseenhede nie, maar met normatiewe patrone van variërende omvang. En normatiewe patrone word beskou as een komponent van "maatskaplike struktuur"; die ander komponent synde interaksiepatrone.

Die abstrahering van die analitiese onderskeiding tussen "behoort" en "is" tot normatiewe en interaksiepatrone word (nog) verder geneem tot 'n onderskeiding tussen "kultuursisteem" en "maatskaplike sisteem". Eersgenoemde beklemtoon die onderlinge sluiting van norme, waardes, simbole --- uiteindelik idees; laasgenoemde die sistemiese kenmerke van patrone van wie-doen-wat-teenoor-wie --- uiteindelik handelinge. Die woord wat nodig geword het om die twee losgedinkte aspekte (weer) bymekaar te bring is sosiaal-kultureel (sosio-kultureel). Hier, soos dikwels by koppeltekenwoorde, is dit die koppelteken wat die problematiek aandui: Hoe moet die integrasie én stremming tussen normatiewe opvattings en werklike gedrag verstaan word? Dié eenvoudige vragie lei tot ander: Hoe kom norme tot stand en hoe word hulle gehandhaaf? Tot watter mate het kultuur, tradisie, norme, waardes 'n lewe van hul ele? Wanneer bedreig bepaalde opvattings en optredes 'n hele waardestelsel, kultuur, lewenswyse; wanneer versteur dit slegs persoonlike houdings en verhoudings? Wanneer is 'n beroep op waardes, beginsels --- en "Westerse normatiewe opvattings" --- eintlik rasionalisasie en regverdiging vir belange-optrede? Wanneer word normatiewe opvattings gesien as beginsels, wanneer as bloot tegniese reëlings? Is bekommernis oor 'n bevolkingsgroep se "identiteit" 'n besorgdheid oor kulturele standaarde of oor interaksieruimte?

Om, binne die huidige konteks, die voorafgaande skakeling van begrippe en stapeling van vrae meer sinvol te maak, kan gekonsentreer word op (i) sosiologiese interpretasies (teorieë) van normatiwiteit, en (ii) kategoriserings van normatiewe patrone. In aansluiting by hul voorgangers, die sosiaal-filosowe, het sosioloë verklarings vir normatiwiteit gesoek voordat presieser aandag gegee is aan die kategorisering van normatiewe patrone --- daarom dié volgorde.

http://spilplus.journals.ac.za/



## 3 Sosiologiese interpretasies van normatiwiteit

Hoogs beskaafd en goedgelowig, het Socrates 'n eenvoudige formule gehad: "Kennis is deug" impliseer dat kennis van goddelike en staatswette (daar is al twéé soorte norme) vanself wetsgehoorsaamheid en orde vir die Griekse stadstaat verseker. Ook Aristoteles het optimisties geglo in die mens se wesenlike maatskaplike inklinasie: samelewingsreëlings was vir die politieke dier verlengstuk van sy menslike natuur. Dit was Robert Park wat eeue later sosioloë se ongeloof in natuurlike en probleemlose konformiteit die skrilste verwoord het: "Man is not born human". Met hierdie oordeel moes konformiteit verklaar word en het, meer bepaald, 'n sosialiseringsteorie noodsaaklik geword.

Dwang is 'n ou verklaring vir waarom norme nagekom word. Die jonger Emile Durkheim het hierdie maatskaplike determinisme heelwat aansien verleen deur na gedragskodes te verwys as maatskaplike feite en te beweer dat sulke kodes selfstandig buite individue bestaan en dwingend op hulle inwerk.[2] Dié sosiologisme (ook in oorreaksie teenoor sy tydgenoot Tarde se psigologisme) is dramaties gedemonstreer in Durkheim se verklaring van variasies in --- van alle dinge --- selfmoordkoerse: Omstandighede van oormatige solidariteit, minimale groepsbinding en ontwrigte normatiewe struktuur lei, onderskeidelik, tot toenames in sogenaamde altruistiese, egoïstiese en anomiese selfmoorde. Die (eerste twee) interaksieomstandighede en (die derde) normatiewe omstandigheid skep wat Durkheim noem "selfmoordstrominge" --- waarin enkelinge meegesleur word. Die ouer, humaner Durkheim het hierdie determinisme heelwat gematig en self begin skryf oor sosialiseringsprosesse waarin samelewingsnorme in die persoonlikheid "geïnternaliseer" word sodat individue ook "die goeie" wil sonder dat hulle daartoe gedwing word deur sanksies en straf. Natuurlik is en bly dwang steeds 'n element in die handhawing van norme. Vir "Codes, Courts en Constables" is wetties en administratief presiese strawwe en benadeling voorgeskryf vir dié wat nie wil hoor nie. Belangriker as formele dwang --- met as laaste "raad" geweld --- is informele en subtiele maatskaplike druk wat konformiteit ten opsigte van norme verseker deur beïnvloeding, oorreding en die sogenaamde openbare mening. In die plek van Durkheim se eksterne dwang praat sosioloë lankal van posisitewe en negatiewe, formele en informele beheer --- twee asse wat in kruising ten minste vier tipes beheer aandui en 'n eenvoudige kategorisering sou kon wees vir normeringsprosesse.

http://spilplus.journals.ac.za/



Dat dit in mense se belange is om norme na te kom, is 'n interpretasie wat teruggaan tot die utilitarisme van die Epikuriërs: die samelewing is 'n nuttigheidsreëling en reëls en wette verseker maksimale bevordering van individuele doelstellings en groepsbelange. Dié aksent slaan deur in Marx se historiese materialisme: Die wyse waarop mense hul materiële wêreld skep en handhaaf lei tot 'n stel van produksieverhoudings wat as ekonomiese basis die onderbou van die samelewing uitmaak. Grootliks gekondisioneer deur die onderbou, ontwikkel die bo-bou: die nie-ekonomiese strukture soos politiek, reg en godsdiens. In kapitalistiese samelewings is die bourgeoisie in beheer van die onderbou en rig hulle ook die bo-bou in om hulle belange te dien. Hoe grof die veralgemening ookal is, dra Marxisme die suggestie dat normatiwiteit grootliks gehandhaaf word deur beheer vanuit en oor belangegroeperings. Dit is 'n aksent wat, soos dié van dwang, deel van die werklikheid en so deel van die waarheid van normatiwiteit is.

Sosialisering is die proses waardeur kennis van verwagte optrede in maatskaplike situasies aangeleer wod en 'n gemotiveerdheid ontwikkel om hierdie normatiewe verwagtings na te kom. Die belangrikste insig wat deur die konsep van sosialisering gedra word, is dat mense nie maatskaplik aangepas gebore word nie; dat hulle hul "maatskaplikheid" moet aanleer, en dat die kontekste waarin hulle groot word 'n beslissende invloed op hulle persoonlikheidsontwikkeling en maatskaplike optrede het. "Internalisering" is die fokuspunt van sosialisering: normatiewe patrone en oriëntasies ten opsigte van ander persone word in so 'n mate deel van persoonlikheid dat --- om 'n suggestie uit David Riesman et al. se **The Lonely Crowd** te gebruik --- 'n persoon skaam, skuldig of angstig voel wanneer daar nie volgens daardie patroon of oriëntasie opgetree word nie. Wanneer iemand se gewete nie toelaat dat dit of dat gedoen word nie, is dit, sosiologies gesproke, 'n geval van 'n normatiewe patroon of persoonlike oriëntasie wat so goed geïnternaliseer is dat afwyking 'n stukkie persoonlike trauma meebring.

Die Amerikaanse sosioloog, Talcott Parsons, het Freud se interpretasie van persoonlikheidsontwikkeling omgewerk in 'n meer sosiologiese voorstelling van die verloop van die sosialiseringsproses. Freud se bekende krisisse met hul sterk biologiese, selfs seksuele aksente, word in Parsons se voorstelling situasies van nuwe gedragsverwagtings waardeur die opgroeiende kind gehelp (gedwing) word tot 'n begrip en aanvaarding van nuwe verhoudings binne en buite die gesin; verhoudings wat gebou is op nuwe normatiewe verwagtings. So leer die kind geleidelik maar ook in heel konkrete situasies die belangrike verskil tussen: meer en minder mag, die

http://spilplus.journals.ac.za/



uitoefening en aanvaarding van gesag; manlikheid en vroulikheid --- die normatiewe patrone gebaseer op geslag; ekspressiewe en instrumentele ingesteldhede --- wanneer emosies gepas is of saaklikheid verwag word; die inagname van verskil in generasie; die verskil tussen die partikuliere en die algemene; die differensiële waardering van persoonlike kwaliteite teenoor die klem op prestasies. Sonder hierdie onderskeidings is uiteraard geen aanpassing binne 'n genuanseerde normatiewe maatskaplike struktuur moontlik nie.

Sosialisering is die belangrikste proses vir die aanleer van 'n algemene sensitiwiteit vir diffuse én meer presiese normatiewe patrone. Dit is skering én inslag van normatiwiteit. Tot perfek normatief geprogrammeerde outomaatjies kan genadiglik geen gesin of samelewing sy lede sosialiseer nie.

Dit is hierdie genade wat die inspirasie is vir 'n laaste interpretasie van normatiwiteit. Dié interpretasie trek die aksente van dwang, belange en sosialisering bymekaar in 'n beklemtoning van --- by gebrek aan 'n formeler woord --- "natuurlike" normatiwiteit:

In primêre sosialisering in die gesin leer die kind betreklik spesifieke verwagtingspatrone in betreklik spesifieke situasies. Die norme wat aangeleer word het grootliks die voorskriftelikheid van tafelmaniere. Met voortgesette, sogenaamde sekondêre sosialisering in die volwasse wêreld is dit nie funksioneel of moontlik om soos 'n lysie reëls te onthou en na te kom nie. Dit word nodig om te improviseer, om die essensie van spesifieke norme te handhaaf in vergelykbare situasies. In die plek van reëls en gespesifiseerde norme moet veral 'n normatiewe sensitiwiteit ontwikkel. 'n Sensitiwiteit wat aanvaarbare gedrag sal verseker, sonder dat die tersake norme eers geïdentifiseer en gedefinieer hoef te word. "'n Goeie burger", "'n beskaafde mens", "'n persoon met integriteit" en "ordentlike mense" leef --- uiteindelik --- 'n diffuse maar ook geïntegreerde normatiwiteit uit. Binne die uitleef van grootliks ongedifferensieerde, ongedefinieerde norme --- konsentrasies ("clusters") van gedragsverwagtings --- word individue aansienlike bewegingsvryheid en spontaniteit toegelaat. Hierdie vryheid is deel van wat ek sou wou noem: natuurlike "normatiwiteit". Dit is 'n normatiwiteit wat die grootste deel van gewone mense se alledaagse handelinge oorspan --- en dra. Dit is wanneer gewoontepatrone blatant oortree word, tè ver afgewyk word, 'n presies geformuleerde wet of regulasie, of basiese norm uit die gemene reg (moord, aaranding en diefstal

http://spilplus.journals.ac.za/



is misdade binne die gemene reg) oortree word, of wanneer daar 'n konfrontasie is met 'n ander lewenstandaard, klas of kultuur --- dan eers word die vraag na norme gevra, word dit nodig om presies te formuleer wat dìe (eie) norm is wat tersake is. Die veralgemening is geldig dat norme tersake gemaak word en gepresiseer word eers wanneer optrede buite die nogal wye grense van natuurlike normatiwiteit gaan. Met 'n sprong: Durkheim is reg: Misdaad en straf van misdaad is funksioneel vir ordelikheid omdat dit die norm opnuut definieer.

David Riesman (1955) se onderskeiding van drie "konformiteitswyses" sluit aan by die suggestie van 'n natuurlike normatiwiteit. Riesman meen dat modernisasie van samelewings in opvolging drie konformiteitswyses of kontekste van normatiewe sanksie meebring. In relatief eenvoudige en nie-geïndustrialiseerde samelewings is <u>tradisie</u> die belangrikste rigsnoer (en is die tipiese persoonlike reaksie by oortreding van tradisionele gebruike een van skaamte). Tradisionele voorskrifte maak by industrialisasie grootliks plek vir algemene <u>beginsels</u> wat "vertaal" moet word vir die talle nuwe situasies en omstandighede. Oortreding van beginsels lei tipies tot skuldgevoelens. In hoogs ontwikkelde industriële samelewings van Westerse lande word ander <u>persone</u>, kategorieë van persone en groepe toenemend as verwysingspunte ook vir normatiewe oriëntasies gebruik. Baie individue het hier tipies 'n diffuse angstigheid dat hulle opvattings, optrede en lewenstyl sal afwyk van die (burgerlike) standaarde van bure. Anders as die sogenaamde tradition-directed en inner-directed mens, is die "moderne" mens other-directed. Sy, en haar, konformiteit moet grootliks as verwysingsgedrag ("reference behaviour") verstaan word. Om by te hou by die bure, is inderdaad deel van 'n middelklas normatiwiteit. Ook as dit geëtiketteer word as "bourgeois mentaliteit" of "voorstedelikheid", is die sout van die aarde meer dikwels in die middelklas te vind. Dit is 'n ou sosiologiese waarheid dat samelewingstabiliteit grootliks verseker word deur die middelklas. Deel van dié stabiliteit is die middelklas se natuurlike normatiwiteit en aandrang op standaarde wat hul bevoorregte posisie veilig stel. Dit is 'n posisie tussen dié wat min kan wen deur meer voorbeeldig te lewe en dié wat min kan verloor deur groter vryheid te neem ten opsigte van norme. Hiermee word dit duidelik dat normatiwiteit ook 'n funksie is van maatskaplike klas in die begrip se twee konnotasies: mense wat grootliks ooreenkom ten opsigte van sosio-ekonomiese status en lewenstyl, en, mense wat in dieselfde posisie verkeer ten opsigte van die besit en beheer van middele van ekonomiese produksie en wat daarom 'n natuurlike belangegroepering vorm.

http://spilplus.journals.ac.za/



## 4 Kategoriserings van normatiewe patrone

Die voorafgaande interpretasies van normatiwiteit deur die werking van dwang, belange, sosialisering en as 'n natuurlike proses, maak die kategorisering van norme nie makliker nie. Omdat alle norme hierdie vier aksente as elemente het, kan 'n klassifikasie nie op hierdie vier kenmerke gebaseer word nie. Die enigste ordening van norme wat die moeite werd is om hier te stel, is dan ook een wat (slegs) onderskei tussen vlakke van normatiwiteit, of meer presies: normatiewe patrone op verskillende vlakke van algemeenheid. 'n Betreklik duidelike --- en sinvolle --- verskil kan gemaak word ten opsigte van die omvang van die veld waarop normatiewe patrone van toepassing is. Die vier tipes normatiewe partone wat onderskei word volg uit 'n aanpassing van die sosioloë Parsons en Smelser se formulerings: Parsons onderskei vier "strukturele kategorieë: waarde, norm, kollektiwiteit en rol. Smelser[3] praat van komponente van handeling:

> "The basic components of social action are a) values, or general sources of legitimacy; b) norms, or regulatory standards for interaction; c) mobilization of individual motivation for organized action in roles and collectivities; d) situational facilities, or information, skills, tools, and obstacles in the pursuit of concrete goals".

As die kontekste van interaksie- en normatiewe patrone duideliker geskei word, kan vier tipes normatiewe patrone aangewys word: waardes, norme, rolvoorskrifte en situasiereëlings en tegniese voorskrifte.

'n **Waarde** is 'n konsepsie van wat algemeen wenslik is in tussenmenslike optrede en maatskaplike verhoudings. Hierdie mees algemene normatiewe beginsels werk rigtinggewend by mense se beslissings in, gekompromitteerdheid tot en regverdiging van bepaalde optredes en verhoudings. Natuurlik bestaan daar nie 'n vaste lysie van wat ook gewone mense waardes en beginsels noem nie. Voorbeelde van waardes sou vir sosioloë én gewone mense wees: respektering van lewe self, gesondheid en geestesgesondheid, selfrespek en menswaardigheid, integriteit en eerlikheid, persoonlike vryheid en selfverwesenliking, geregtigheid en burgerregte, taalregte, godsdiensvryheid en handhawing van kulturele identiteit, waarheid, skoonheid, ensovoorts. Hierdie waardes is grootliks universeel; ander wat eerder in beperkter gemeenskappe geld, kan 'n aksent van paroglaliteit hê. Sosioloë en redelike mense sal egter die verdediging van beperkte persoonlike en groepsdoelstellings as "onskendbare waardes"

http://spilplus.journals.ac.za/



afwys. Regverdiging en legitimering van optredes gaan wel maklik oor vlakke van normatiwiteit heen. Tradisionele situasiereëlings word maklik as "waardes" gedefinieer. Of 'n samelewing se waardes --- vir sover hulle geïdentifiseer kan word --- 'n logiese stelsel vorm en of so 'n waardestelsel in effek die belangrikste waarborg is vir 'n samelewing se samehang en ordelikheid --- by dié vrae loop sosioloë se paaie uiteen. 'n Waardestelsel wat inherent "logies" is en wat op motiveringsvlak sigself konsekwent laat geld in beslissings, optredes en uitsprake, is klaarblyklik *'n idealistiese konstruksie --- wat op sigself 'n funksionaliteit het binne* die gebroke maatskaplike werklikheid. Self is dit egter nie werklikheid en feitlike waarheid nie. Rigtinggewend by beslissings, gekompromitteerdheid en regverdigings: die funksie van waardes definieer ook die inhoud van dié normatiewe patrone.

Norme lê op 'n tweede vlak van normatiwiteit en kan, ongelukkig, kwalik skerper afgebaken word as om te sê dat: (i) dit hier gaan om reëls in 'n maatskaplike of tussenpersone-konteks ("regulatory standards for interaction"); en (ii) dat dit in algemeenheid 'n posisie inneem tussen waardes en rolvoorskrifte. Ook sosioloë handhaaf dus die wye konnotasie wat gewone mense aan die begrip gee. Norme is, tipies, van toepassing op hele kategorieë van mense en lewensareas. Voorbeelde sou wees: die inagname van geslag, ouderdom, huwelikstaat (en ras) by seksuele verhoudings: seksuele omgang met minderjariges, geslagsgenote, buite die huwelik, ensovoorts gaan teen aanvaarde norme in. Die bedryf van politiek en ekonomie het reëls wat onreg, bedrog en uitbuiting as ontoelaatbaar en as wetsoortreding definieer. (Baie norme het dan ook formeel wettiese sanksie.) In die beoefening van godsdiens en opvoeding is daar norme wat die maatskaplikheid van dié ondernemings normeer.

Rolvoorskrifte is gekoppel aan bepaalde posisies, hoedanighede of rolle en is *waarskynlik die mees gespesifiseerde normatiewe patrone.* Wat verwag word van: 'n vader, moeder, eggenoot, politikus, eerste minister, sakeman, bestuurder, klerk, student, dosent, onderwyser, predikant, ouderling, geneesheer, prokureur, regter en kunstenaar, is gewoonlik duidelik. Dit is daarom ook te verstaan dat 'rol' een van sosiologie se mees vrugbare "strukturele" begrippe is.

Situasiereëlings en tegniese voorskrifte is die mees spesifieke normatiewe patrone en sluit in: verkeersreëls, reëls by die gebruik van fasiliteite (klein apartheid!), reëlings vanaf dié rondom huwelike, indiensneming,

http://spilplus.journals.ac.za/



werk, kontraktuele verbintenisse tot, uiteindelik, wat algemeen aanvaar word as "goeie maniere".

## 5 Sosiologika en formulering

Twee laaste opmerkinge moet gemaak word in aansluiting by die vlakke-ordening van normatiewe patrone:

Daar is 'n bepaalde (sosio-) logika in dié voorstelling: 'n verandering, afwyking of bevraagtekening van 'n normatiewe patroon op 'n laer vlak het minder dikwels of nie noodwendig implikasies vir dié op 'n hoër vlak. 'n Verandering in liturgie (situasiereëling) beteken nie werklik dat "die kerk nie meer die kerk is nie". 'n Verandering of afwyking op hoër vlak het egter byna altyd implikasies vir meer spesifieke normatiewe patrone. Stel u voor 'n kapitalistiese land word ná 'n revolusie sosialisties, of apartheid word volledig afgeskaf .... In elk geval word meer spesifieke normatiewe patrone by bevraagtekening geregverdig deur 'n beroep op die meer algemenes te doen --- en is die spronge wat hier gemaak word, selde sonder humor. Maar dan, "die maatskaplike" het 'n eie logika en by dié sosiologika moet 'n mens nie te veel logisiteit of konsekwentheid verwag nie.

Die afwesigheid van 'n meer presiese klassifikasie van norme of normatiewe patrone --- en die skrale troos van 'n vlakke-voorstelling --- maak, miskien nog meer as die teoretiese interpretasies van normatiwiteit, die aard van norme duidelik: reëls wat weer en weer opnuut geïdentifiseer en gedefinieer word, meer dikwels by hulle oortreding, waarskynlike oortreding en bevraagtekening as by hulle aanvaarding en konformering. As komponent van maatskaplike struktuur is normatiewe patrone nie soseer abstrak, vaag of arbitrêr nie. Hulle is noodsaaklik, saaklik en baie effektief, soms selfs wreed só. Maar hul inhoud en werking is afhanklik van hulle formulering. Hulle bestaan in, met, deur woorde elke keer wanneer gewone mense sê: "Dit is 'n norm".

http://spilplus.journals.ac.za/



# NOTE

1. Met watter onderrig of gesag hou studente vol om te praat en te skryf van norms en normes? Het skool-Afrikaans ekstra esse en verklaar dit ook die standaard-afwyking basseer?

2. "(Social facts) could therefore be studied in the manner of Auguste Comte who wanted, as Piaget points out, to explain man by means of mankind and no longer mankind by means of man." (Lavers 1982:15)

3. Smelser, N.J. (1963:9).

http://spilplus.journals.ac.za/



# BIBLIOGRAFIE

Abercrombie, Nicholas, Stephen Hill & Bryan S. Turner (1984) **The Penguin dictionary of sociology**. London: Allen Lane.

Bosman, D.B., I.W. van der Merwe & L.W. Hiemstra (1984) **Tweetalige woordeboek**. Kaapstad: Tafelberg.

Lavers, Annette (1982) **Roland Barthes: Structuralism and after**. London: Methuen.

Riesman, David, Nathan Glazer & Reuel Denney (1955) **The lonely crowd: a study of changing American character**. New York: Double Day.

Smelser, N.J. (1963) **Theory of collective behavior**. Glencoe: Free Press.